

**Woensdag 25 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-28**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:19**

**Moenie die Heilige Gees blus nie!**

Hierdie laaste opdragte wat Paulus op die gemeente in Tessalonika se hart druk, is bekend aan ons almal. Dit is woorde wat ons vul met troos en krag, veral in moeilike omstandighede. Die stem van die Heilige Gees word klokhelder gehoor in die woorde: wees altyd bly, bid gedurig, wees dankbaar, want God verwag dit van ons in Christus Jesus. Hoeveel keer het hierdie woorde nie soos 'n anker vir 'n dobberende bootjie in 'n storm na ons toe gekom nie?

Paulus voeg egter 'n ernstige waarskuwing by hierdie oproepe. Moenie die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie die Gees blus nie. Hierdie waarskuwing ruk ons 'n oomblik tot stilstand. Hoe kan ons, mense, gelowiges, Christene, die Heilige Gees teenstaan, eintlik erger nog, heeltemal blus?

Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster was dit soos vuurtonge wat op die apostels neergedaal het. Die beeld van vuur word dan ook telkens gebruik om die werking van die Heilige Gees te beskryf. Die Heilige Gees wat die geloof in ons kom plant, wat ons tot ons redder rig, en ons dan in waarheid, wysheid en insig lei op God se weë. Dit is veral in hierdie laaste werking van die Heilige Gees dat ons moet luister na die waarskuwing. Moedswillige sonde, moedswillige toe-Bybels en toegesluite ore, veroorsaak dat ons die werking van die Gees kan teenstaan, dat ons water op die kragtige Vuur kan gooi, om so die invloed van die Heilige Gees en die Woord in ons lewe te verminder, teen te staan of self op die ou end te blus.

Wanneer ons onself daaglik rig tot die stem van God, deur sy Woord, deur die evangelie te deel, deur saam te leer, dan hoor ons die stem klokhelder, en maak ons die warmte, krag en insette van die Heilige Gees duideliker in ons lewe.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. S.J.L. Linde (Lohan) (Wonderboom-Suid)*